



LAERSKOO L KOO
R318, KOO, 6721
POSBUS 180, MONTAGU, 6720

SEL: 082 488 8915
FAKS: 086 574 4022
laerskoolkoo@breede.co.za

LAERSKOO L KOO

KLAGTEPROSEDURE

Opgestel deur die Bestuursliggaam: Januarie 2020



LAERSKOOOL KOO
R318, KOO, 6721
POSBUS 180, MONTAGU, 6720

SEL: 082 488 8915
FAKS: 086 574 4022
laerskoolkoo@breede.co.za

Inleiding

Die skool is 'n gemeenskap wat bestaan uit kinders, ouers en onderwyspersoneel wat voortdurend blootgestel word aan situasies wat kan lei tot konflik.

'n Duidelike beleid, wat nougeset gevolg word om klagtes te hanteer, is belangrik om te verseker dat konflik korrek hanteer word of vermy word.

Uitkomst

'n Skoolgemeenskap waarin almal die vrymoedigheid het om sake waaroor daar ontevredenheid of onsekerheid heers aan te spreek met die aanspreeklike persoon.

Om die nodige strukture en prosesse te vestig wat sal toelaat dat die hantering van klagtes ordelik en regverdig teenoor alle partye geskied.

Sleutels tot die uitkomst

Die sleutels tot bogenoemde uitkomst is:

- deeglike kennis van die gesagstrukture binne die skoolgemeenskap,
- geleenthede moet geskep word om die klag te lê,
- die klag moet duidelik gestel word en deur alle partye verstaan word,
- daar moet duidelike uitkomst wees,
- duidelike terugvoer op 'n bepaalde tydstip.

Klagteprosedure en uitkoms

- Rig die klagte mondelings of skriftelik direk aan die betrokke onderwyser. Die betrokke onderwyser aan wie die klagte gerig is moet binne twee dae 'n bevredigende oplossing bied.
- Indien die ouer nie 'n bevredigende oplossing binne twee dae van die onderwyser af kry nie, kan die klagte op die Laerskool Koo se webtuiste ingevul word op die Skoolhoof se vorm onder die 'Kontak ons' blad. As die ouer nie toegang het tot die internet nie moet die klagte skriftelik in 'n verseëelde koevert aan die hoof gerig word. Die Skoolhoof sal dan die saak ondersoek en binne vyf skooldae terugvoer gee aan die ouer.
- Sou u nog steeds nie tevrede wees met die oplossing van die probleem nie, kan die klagte op die Laerskool Koo se webtuiste ingevul word op die Voorsitter se vorm onder die 'Kontak ons' blad. As die ouer nie toegang het tot die internet nie moet die klagte skriftelik in 'n verseëelde koevert aan die Voorsitter gerig word. Die Voorsitter van die Bestuursliggaam sal dan die saak voorlê aan die Bestuursliggaam. Die Voorsitter van die Bestuursliggaam sal binne 5 skooldae aan u terugvoer gee met 'n oplossing.
- Sou u nog steeds nie tevrede wees met die oplossing nie, sal al die betrokke partye bymekaar kom in 'n vergadering wat deur die Skoolhoof gereël word. 'n Finale besluit sal dan in hierdie vergadering geneem word. Die ondervoorsitter of, as alternatief, enige onpartydige lid van die Bestuursliggaam sal hierdie vergadering arbitreer.
- Klagtes/navrae wat anoniem aan die skool of die Skoolhoof gerig word sal nie aangespreek word nie. Ons is opvoeders en daar sal nie teen u of u kind gediskrimineer word nie.
- Alle klagtes gelê, aanlyn of op skrif, sal hoogs vertroulik hanteer word.



LAERSKOOL KOO
R318, KOO, 6721
POSBUS 180, MONTAGU, 6720

SEL: 082 488 8915
FAKS: 086 574 4022
laerskoolkoo@breede.co.za

HIERDIE KLAGTEPROSEDURE IS GOEDGEKEUR DEUR DIE BESTUURSLIGGAAM VAN DIE LAERSKOOL KOO

Voorsteller: Naam en Van

Handtekening

Sekondant: Naam en Van

Handtekening

Voorsitter: Naam en van

Handtekening

Sekretaris/se: Naam en van

Handtekening

Datum: _____